



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL V1

## NOVEMBER 2016

## VRYSTAAT

**PUNTE: 120**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 23 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taalstrukture en -konvensies | (40) |
| AFDELING D: | Letterkunde | (40) |

2. Beantwoord AL die vrae.

3. Begin ELKE afdeling op ŉ NUWE bladsy.

4. Trek ŉ streep ná elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

7. Gee besondere aandag aan spelling en sinsbou.

8. Voorgestelde tydsindeling:

| | |
|---|---|
| AFDELING A: | 50 minute |
| AFDELING B: | 30 minute |
| AFDELING C: | 40 minute |
| AFDELING D: | 30 minute |

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: LEESBEGRIP

## VRAAG 1: TYDSKRIFARTIKEL

Lees die tydskrifartikel (TEKS A) hieronder en beantwoord die vrae.

## TEKS A

### DIE OLIMPIESE SPELE

1 Die Olimpiese Spele is die grootste multisportbyeenkoms in die wêreld. Meer as 200 lande neem hieraan deel. Die moderne Olimpiese Spele is al 31 keer gehou.



2 Die Internasionale Olimpiese Komitee (IOK) organiseer die Spele. Hulle besluit watter sportsoorte deel van die Spele se program sal wees. Die Spele se program is nie altyd dieselfde nie. Soms word sekere sportsoorte weggelaat en ander word bygevoeg. Atletiek, swem, skerm en gimnastiek was nog by elke Somerspele deel van die program. Skaak en branderplankry was nog nooit deel van die Spele nie.



GIMNASTIEK



3 Die eerste Spele is in 1896 in Athene gehou. In die jare daarna het die Spele baie verander. Die Olimpiese Spele soos ons dit vandag ken, bestaan uit die Somerspele, die Winterspele, die Paralimpiese Spele en die Jeugspele.

4 Die meeste atlete neem aan die Somerspele deel. Dié Olimpiese Spele hou gewoonlik drie weke aan en atlete kompeteer in 28 sportsoorte. Sewes-rugby en gholf was vanjaar (2016) vir die eerste keer deel van die Spele.



5 Dit is moeilik om wintersportsoorte soos ski en yshokkie in die somer te beoefen. Daarom het die IOK besluit om die Winterspele te skep. Die eerste Winterspele is in 1924 in Frankryk gehou.



6 Die Paralimpiese Spele word gehou sodat gestremde atlete ook kan deelneem. Die eerste Paralimpiese Spele is in 1960 saam met die Somerspele in Rome gehou. Die bekende marathonatleet, Sebastian Coe, het gesê dat die Paralimpiese Spele kan help om mense se houding teenoor gestremde persone te verander. Ernst van Dyk en Oscar Pistorius is twee van Suid-Afrika se bekendste paralimpiese atlete.



7 Die Jeugspele is vir jong atlete tussen 14 en 18 jaar oud en is eers in 2010 ingestel. Dit duur nie so lank as die Spele vir volwasse atlete nie.

8 Die Spele word elke vier jaar gehou. Vir elke Spele word daar ŉ land gekies om die Spele aan te bied.

9 Dit is baie duur om die Olimpiese Spele aan te bied. Die land waar die Spele gehou word, moet ŉ stadion bou, asook blyplekke vir die atlete en die duisende toeskouers wat die Spele bywoon. Daarom is dit gewoonlik ryk wêreldstede wat gekies word. Vanjaar is die Spele in Rio de Janeiro gehou.

10 Die simbool van die Olimpiese Spele is vyf ringe wat inmekaar geskakel is. Dit verteenwoordig die vyf kontinente: Afrika, Amerika, Asië, Europa en Oseanië. Die kleure van die ringe is blou, geel, swart, groen en rooi. Hierdie kleure is gekies omdat elke land ten minste een van die kleure in hul eie nasionale vlae het. Die Olimpiese vlag is in 1920 vir die eerste keer gehys.

11 Engels en Frans is die amptelike tale van elke Spele. Die derde taal wat gebruik word, is die taal van die land waar die Spele gehou word.

12 Elke Spele word met ŉ skouspelagtige seremonie geopen. Na elke item wat afgehandel word, is daar ŉ medaljeseremonie waar goue, silwer- en bronsmedaljes oorhandig word aan die wenner en die atlete wat tweede en derde gekom het.



13 

Die leuse van die Olimpiese Spele is "Vinniger, Hoër, Sterker". Die ideaal is nie om te wen nie, maar om deel te neem.

[Verwerk uit Wikipedia]

1.1 Skryf EEN woord uit paragraaf 1 neer wat vir ons sê dat atlete by die Olimpiese Spele aan baie sportsoorte deelneem. (1)

1.2 Kies die korrekte woord tussen hakies.

Die Olimpiese Spele is ŉ (nasionale/internasionale) sportbyeenkoms waaraan meer as 200 lande deelneem. (1)

1.3 Hoeveel keer is die moderne Olimpiese Spele al gehou? (1)

1.4 Noem EEN sportsoort wat nog altyd deel van elke Spele was. (1)

1.5 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Tydens die 2016-Spele kon atlete ook aan skaak deelneem. (1)

1.6 Uit hoeveel afdelings bestaan die huidige Olimpiese Spele? (1)

1.7 Watter TWEE sportsoorte was in 2016 vir die eerste keer deel van die Spele? (2)

1.8 Waarom het die IOK besluit dat daar ook ŉ Winterspele moet wees? (1)

1.9 In watter stad is die Somerspele in 1960 gehou? (1)

1.10 Aan watter item het Sebastian Coe deelgeneem? (1)

1.11 Hoe kan die Paralimpiese Spele help om gewone mense se houding teenoor gestremdes te verbeter? (1)

1.12 Waarom, dink jy, is daar ŉ aparte kompetisie vir jong atlete tussen 14 en 18 jaar oud? (1)

1.13 Waarom is die volgende stelling ONWAAR?

Die Olimpiese Spele word elke jaar gehou. (1)

1.14 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.14) en die letter (A–D) neer.

Dit is gewoonlik ryk wêreldstede wat gekies word om die Spele aan te bied, want ...

A in ryk wêreldstede woon baie mense wat na die Spele wil gaan kyk.
B dit kos baie geld om die Spele aan te bied.
C atlete hou daarvan om in duur hotelle te bly.
D die meeste goeie atlete woon in ryk wêreldstede. (1)

1.15 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die vyf ringe wat inmekaar geskakel is, wys dat die wêreld se mense ŉ (eenheid/besigheid) vorm. (1)

1.16 Hoekom is die vyf ringe juis blou, geel, swart, groen en rooi? (1)

1.17 1.17.1 Watter TWEE tale word by elke Olimpiese Spele gebruik? (2)

1.17.2 Waarom, dink jy, is dit reg dat die taal van die land waar die Spele gehou word, ook tydens die Spele gepraat moet word? (1)

1.18 Skryf EEN woord uit paragraaf 12 neer waaruit ons kan aflei dat die openingseremonie baie mense se aandag trek. (1)

1.19 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.19) en die letter (A–D) neer.

Atlete wat hul items wen, ontvang gewoonlik ŉ ... medalje.


A wit
B goue
C silwer-
D brons- (1)

1.20 Waarom is "Vinniger, Hoër, Sterker" 'n goeie leuse vir die Olimpiese Spele? (1)

1.21 Waarom, dink jy, is dit tydens die Olimpiese Spele belangriker om deel te neem as om te wen? (1)

**TEKS B: VISUELE TEKS**

Bestudeer die teks hieronder en beantwoord die vrae.




[Verwerk uit Grafika24]

1.22 Watter produk hierbo het met tegnologie te doen? Noem EEN. (1)

1.23 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die  -simbool stel die (inkopiebedryf/motorbedryf) voor. (1)

1.24 Met hoeveel persent het Coca-Cola se waarde in 2015 gedaal? (1)

1.25 Sewe van die produkte in die teks kom van die VSA af.
Watter produk kom van 'n ander land af? (1)

1.26 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (1.26) en die letter (A–D) neer.

Die doel van hierdie visuele teks is om te wys ...

A hoeveel mense die produkte in 2014 en 2015 gebruik het.
B van watter land die verskillende produkte kom.
C hoeveel mense tegnologie gebruik.
D hoe die produkte se waarde van 2014 na 2015 verander het. (1)


1.27 Waarom noem ons hierdie teks 'n visuele teks? Gee EEN rede. (1)

**TOTAAL AFDELING A: 30**

## AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

## TEKS C: HOE OM WATER TE BESPAAR



- Som in SEWE volsinne op **HOE OM WATER TE BESPAAR**.
- Skryf die volsinne PUNTSGEWYS en in jou eie woorde neer.
- Nommer die volsinne van 1 tot 7.
- Jou opsomming mag nie langer as 60 woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

Ons land het nie baie water nie. As daar stukkende krane en pype by jou huis is, moet dit dadelik reggemaak word. Só sal jy help om water te bespaar.



Almal moet saamwerk om water te bespaar. Draai krane altyd goed toe nadat jy dit gebruik het. Wanneer krane nie goed toegedraai word nie, loop daar kosbare water weg.



Tap net genoeg water in ’n beker om jou tande te borsel. As jy die water laat loop, mors jy onnodig. Jy help dan nie om water te bespaar nie.



Dit is verkeerd om die kraan te laat loop terwyl jy water drink. Tap eerder water in ’n glas of beker wanneer jy water wil drink.



Wanneer jy net ’n bietjie skottelgoed of wasgoed was, gebruik jy baie water om die wasbak elke keer vol te tap. Wag dus totdat daar baie vuil skottelgoed en wasgoed is voordat jy dit was.



Wanneer jy ’n tuinslang gebruik, mors jy onnodig water. Gebruik eerder ’n emmer met water daarin om jou motor te was. Jy sal verbaas wees hoeveel water jy bespaar.



As jy water wat jy gebruik het om te bad of skottelgoed te was net laat wegloop, is dit ’n vermorsing van water. Jy kan hierdie water hergebruik om jou plante of jou grasperk nat te gooi.



[Verwerk uit Rainharvest.co.za]

**TOTAAL AFDELING B: 10**

Kopiereg voorbehou 

**AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Lees en bestudeer die advertensie (TEKS D) hieronder en beantwoord die vrae.

TEKS D



3.1 Wie is die teikengroep van hierdie advertensie? (1)

3.2 Hoe word die leser se aandag na die opskrif getrek? (1)

3.3 Watter woord sê dat hierdie spesiale aanbod net vir ’n sekere tyd is? (1)

3.4 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Die leesteken aan die einde van ***Spesiaal vir families:*** is ’n (dubbelpunt/kommapunt). (1)

3.5 **Jy moenie hierdie spesiale aanbod misloop nie!**

3.5.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (3.5.1) en die letter (A–D) neer.

Die sin hierbo is ’n voorbeeld van ...

A manipulering.
B figuurlike taalgebruik.
C partydigheid.
D stereotipering. (1)

3.5.2 Watter VOORNAAMWOORD gebruik die adverteerder in die sin hierbo om die leser te laat voel dat daar met hom/haar gepraat word? (1)

3.6 **Ons pizzas is warm en geurig.**

Skryf EEN woord neer wat die adverteerder gebruik om Bobaas Pizzas se pizzas te beskryf. (1)

3.7 **Jy gaan nêrens lekkerder pizzas kry nie.**

Is hierdie stelling ’n FEIT of ’n MENING?
Motiveer jou antwoord. (1)

3.8 Skryf die sin oor in die LYDENDE VORM.

**Bobaas Pizza lewer vriendelike diens.**

**Begin só:** Vriendelike diens ... (1)

3.9 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (3.9) en die ontbrekende woord neer.

| geskree; gefluister; gesê |
|---|


Die vuvuzela waaruit die woorde in die advertensie geblaas word, is effektief omdat dit lyk asof die woorde ... word. (1)

**[10]**

**VRAAG 4: STROKIESPRENT**

Lees en bestudeer die strokiesprent (TEKS E) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS E**




[Uit meester.yolasite.com]

4.1 Voltooi die BEVELSIN deur die woord wat ontbreek, neer te skryf.

Neelsie moet na Meneer luister.

Neelsie, ... na Meneer! (1)

4.2 Skryf die sin oor in die INDIREKTE REDE.

Meneer sê vir Neelsie: "Jy sit en slaap."
**Begin só:** Meneer sê vir Neelsie dat ... (1)

4.3 Gebruik die woord "as" (RAAMPIE 1) in 'n sin sodat dit 'n ANDER BETEKENIS het. (1)

4.4 4.4.1 Kies die korrekte woord tussen hakies.

"Het jy nie ore nie?" is 'n voorbeeld van (letterlike/figuurlike) betekenis. (1)

4.4.2 Wat bedoel Meneer as hy vir Neelsie vra of hy nie ore het nie? (RAAMPIE 1). (1)

4.5 Hoe kan ons in RAAMPIE 2 aan Meneer se gesigsuitdrukking sien dat hy baie kwaad is? Gee EEN bewys. (1)

4.6 Gee die INTENSIEWE VORM vir "doof". (1)

4.7 Hoekom is Meneer se woorde in RAAMPIE 2 in hoofletters geskryf? (1)

4.8 Kies die korrekte antwoord tussen hakies.

Neelsie, wat met sy hande in sy broeksakke sit (RAAMPIE 3), wys dat hy (hartseer is oor wat Meneer sê/nie belangstel in wat Meneer sê nie). (1)

4.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (4.9) en die letter (A–D) neer.

As Neelsie sê: **"Ja Meneer, ek is nou."** (RAAMPIE 3), is hy ...

A vrolik.
B sarkasties.
C onvriendelik.
D hartseer. (1)

**[10]**

## VRAAG 5

5.1 Lees die teks (TEKS F) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS F: LEESTEKS**

**PLASTIEK**

In 1862 het Alexander Parkes die (5.1.1) een mensgemaakte plastiek ontwikkel. In 1947 het mense begin om plastiekbottels te maak. (5.1.2) Plastiek is lig en dit is goedkoop om te vervaardig. Dit kan ook nooit breek (5.1.3.) ... Daarom het mense regoor die wêreld dadelik begin (5.1.4) ... plastiek … gebruik.

(5.1.5) Gelukkig besoedel mense die aarde met al die plastiekprodukte wat hulle (5.1.6) (elke dag) gebruik. Duisende bottels, (5.1.7) sak en ander houers word oral langs ons paaie en (5.1.8) (op/in) riviere en die veld rondgegooi.

(5.1.9) Dis ons almal se land. Almal moet help skoonmaak. Mense moet leer om nie plastiek rond te strooi nie. Glas, papier en plastiek moet (5.10) (netjies) (altyd) (eenkant) gehou word. Dit moenie saam met ander vullis op die (5.1.11) as + hope gegooi word nie.

Plastiek kan (5.1.12) **her**win word. Dit kan vir (5.1.13) (nuut) produkte gebruik word. Dit spaar baie energie en elektrisiteit. 'n Mens kan ook 'n sak van natuurlike vesel koop en (5.1.14) (sy/jou) inkopies daarin dra.

[Verwerk uit *Almal Verstaan Afrikaans Graad 5*]

5.1.1 Gee die korrekte vorm van die onderstreepte TELWOORD. (Reël 1)

In 1862 het Alexander Parkes die een mensgemaakte plastiek ontwikkel. (1)

5.1.2 Verdeel die woord "Plastiek" in LETTERGREPE. (Reël 3)

Plastiek is lig en dit is goedkoop om te vervaardig. (1)

5.1.3 Skryf die korrekte ontbrekende woord neer. (Reël 4)

Dit kan ook nooit breek ... (1)

5.1.4 Voltooi die INFINITIEF. Skryf die hele sinsdeel oor. (Reël 5)

... plastiek ... gebruik. (1)

5.1.5 Gee die ANTONIEM van "gelukkig". (Reël 6)

Gelukkig besoedel mense die aarde ... (1)

5.1.6 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies. (Reël 7)

... wat hulle (elke dag) gebruik. (1)

5.1.7 Gee die MEERVOUD van "sak". (Reël 7)

Duisende bottels, sak en ander houers ... (1)

5.1.8 Kies die korrekte VOORSETSEL tussen hakies. (Reël 8)

... en ander houers word oral langs ons paaie en (op/in) riviere en die veld rondgegooi. (1)

5.1.9 VERBIND die sinne hieronder met die woord tussen hakies. (Reël 10)

Dis ons almal se land. Almal moet help skoonmaak. (daarom) (1)

5.1.10 RANGSKIK die woorde tussen hakies in die korrekte VOLGORDE. Skryf die hele sin oor. (Reël 11–12)

Glas, papier en plastiek moet (netjies) (altyd) (eenkant) gehou word.

**Begin só:** Glas, papier en plastiek moet ... (1)

5.1.11 Gee die korrekte SAMESTELLING van as + hope. (Reël 13)

Dit moenie saam met ander vullis op die as + hope gegooi word nie. (1)

5.1.12 Plastiek kan **her**win word. (Reël 14)

Kies die korrekte woord tussen hakies.

Die "her" in "**her**win" beteken (nie/weer). (1)

5.1.13 Gee die KORREKTE VORM van "nuut". (Reël 14)


Dit kan vir (<u>nuut</u>) produkte gebruik word. (1)

5.1.14 Kies die korrekte VOORNAAMWOORD tussen hakies. (Reël 16)

ŉ Mens kan ook ŉ sak van natuurlike vesel koop en (sy/jou) inkopies daarin dra. (1)

5.2 Bestudeer die teks (TEKS G) hieronder en beantwoord die vrae.

**TEKS G: PRENT**




[Verwerk uit *Die Burger*, 2 Mei 2007]

Kies telkens die korrekte antwoord tussen hakies.

5.2.1 Zuki is besig om te (studie/studeer). (1)

5.2.2 Daar staan 'n lamp met 'n skerp (lig/lug) op Zuki se tafel. (1)

5.2.3 Dis al 23:46. Daarom sê ons vir Zuki (goeienaand/goeienag) voor hy gaan slaap. (1)

5.2.4 Die "Sterkte met die eksamen"-kaartjie wens vir Zuki (beterskap/ sukses) toe. (1)

5.2.5 Daar is (skryfbehoeftes/kruideniersware) in die blikkies op die tafel. (1)

5.2.6 Die uitdrukking op Zuki se gesig wys dat hy (moedeloos/ opgewonde) is. (1)
**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

## AFDELING D: LETTERKUNDE

Hierdie afdeling bestaan uit TWEE vrae. Beantwoord SLEGS die vraag oor die stories wat jy behandel het.

***KINDERS VAN DIE AARDE* – Charles Fryer**

**OF**

***OM LAASTE TE KAN LAG* – Pirow Bekker**

Beantwoord die vrae oor AL TWEE die verhale.

**VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" (20)**
**VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" (20)**

**OF**

**VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" (20)**
**VERHAAL B: "DIE GEHEIM" (20)**

### VRAAG 6

**VERHAAL A: " 'N MAN KOM TUIS" – Chris Barnard**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

Heelpad gesels my passasier land en sand oor dit en dat. Hy gesels die reën skoon weg.

***

"… Nee, ek ken die wêreld. En saans as jy daar by die vuur sit en jy kyk na die sterre oor jou kop, dan het jy vrede in jou hart."
Dit word vir my duidelik, terwyl hy gesels: hierdie man sal jy nie maklik onderkry nie. Hy het vir homself 'n klompie antwoorde uitgewerk. Vir elke terugslag in sy lewe het hy tot dusver 'n teenmaneuver bedink, vir elke ongerief 'n kompenserende argument, vir elke ontbering 'n genadetjie.

6.1 Na watter dorp was die verteller en sy passasier op pad? (1)

6.2 Die verteller se passasier het nie 'n maklike lewe gehad nie. Noem TWEE redes waarom ons so kan sê. (2)

6.3 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.3) en die letter (A–D) neer.

"… hierdie man sal jy **nie maklik onderkry nie**" (reël 5) beteken dat die passasier iemand is wat …

A baie suksesvol in sy werk is.
B vinnig ander mense se foute raaksien.
C altyd die beste van sy lewe probeer maak.
D onder in die straat afgelaai moet word. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> "Jy moet maar sê hoe ek moet ry," sê ek toe ons die dorp binnegaan. "Dan laai ek jou by die huis af."
> Maar daarvan wou hy niks weet nie. Nee, hy sal huis toe stap.
> "Maar jy gaan moeilik dra aan al die los goed," sê ek.
> "Nee, dankie," sê hy. "Jy't my baie gehelp. Nee, ek stap. Die ou los goedjies is niks."
>
> ***
>
> Hulle het my nie gemerk nie. En al het hulle, sou dit nie saak gemaak het nie.

6.4 Noem EEN van die "los goedjies" wat Gouws by hom gehad het. (1)

6.5 Voltooi die volgende sin deur ŉ woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.5) en die ontbrekende woord neer.

| later; betyds; vroeër |
|---|

Gouws het gesê dat die verteller hom baie gehelp het (reël 5) om daardie naweek … by die huis aan te kom. (1)

6.6 Gouws wou nie gehad het dat die verteller hom by sy huis aflaai nie, want hy was skaam vir sy huis.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

6.7 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Gouws het die pakkies laat val om sy gesin te groet.
- Gouws het met al sy pakkies afgestap huis toe.
- Terwyl die gesin die goedjies opgetel het, het die verteller by hulle verbygery.
- Die verteller het Gouws by die bopunt van sy straat afgelaai. (4)

6.8 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter(s) in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.8.1–6.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.8.1 Gouws | A … het besef dat daar mense was wat met min tevrede was. |
| 6.8.2 Die verteller | B … was gereed om die man tegemoet te hardloop. |
| 6.8.3 Gouws se vrou | C … was bly oor die nuwe vriendskap. |
| 6.8.4 Gouws se kinders | D … het die hele tyd besig gebly. |
| | E … was entoesiasties oor die lewe. |

(4 x 1) (4)

6.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.9) en die letter (A–D) neer.

Die tema van hierdie kortverhaal is …

A verantwoordelikheid.
B dankbaarheid.
C vriendskap.
D respek. (1)

6.10 Die titel van hierdie kortverhaal is " 'n Man kom tuis". Hoe het Gouws se kinders gewys dat hulle vir hom gewag het om tuis te kom? (1)

6.11 Hoekom kan ons sê dat dit belangrik is om, soos Gouws, positief oor jou werk te wees? (1)

6.12 Hoekom, dink jy, was dit gevaarlik vir die verteller om Gouws langs die pad op te laai? (1)

6.13 Die verteller wou vir Gouws voor sy huis aflaai, maar Gouws het geweier.

Dink jy Gouws was ondankbaar omdat hy geweier het om by die huis afgelaai te word? Gee 'n rede. (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE OOREENKOMS" – Dalene Matthee**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| En toe, na goed vyf jaar van saambly, gaan hulle die ooreenkoms aan.<br>***<br>"Ja, ou Willem, dit lê vir ons ook voor."<br>"Ja, Jakob."<br>Daar was nie haas in hulle gesprekke nie.<br>"En hoe nader die einde kom, hoe meer wonder 'n mens ..."<br>"Dis waar, Jakob."<br>"Party dae is ek niks bang nie; ander dae wil ek van my verstand af raak as ek net daaraan dink." |

6.14 Waarom het Jakob en Willem juis in Rusoord gebly? (1)

6.15 Watter werk het Jakob gedoen voordat hy in Rusoord kom bly het? (1)

6.16 Watter ooreenkoms (reël 1) het Jakob en Willem aangegaan? (2)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

As jy dood is, is jy dood.
Jy's niks. En niks is niks, en niks is een groot stilte. Jy had een keer om te leef – soos die eendagslelie – en die helfte van die tyd was jy bang vir die hel. Dalk is Willem ... Nee, hy was 'n goeie mens.

***

Hy sluit die deur en haal die bottel uit die wegsteekplek. Dis vyfuur.
As daar anderkant niks is nie, is al die ander dinge ook niks? Hy spoel die glas by die wasbak uit.

6.17 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.17) en die letter (A–D) neer.

"Jy had **een keer om te leef – soos die eendagslelie**" (reël 2–3) is 'n voorbeeld van ...

A 'n metafoor.
B kontras.
C klanknabootsing.
D 'n vergelyking. (1)

6.18 Voltooi die volgende sin deur 'n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (6.18) en die ontbrekende woord neer.

| ongehoorsaam; getrou; gewoond |
|---|

Jakob en Willem het die whisky weggesteek, want hulle was … aan die reëls van Rusoord se bestuur. (1)

6.19 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Toe Jakob een aand om vyfuur whisky wou drink, wou die bottel nie oopdraai nie.
- Willem het gesterf.
- Nadat Willem se horlosie halfses geslaan het, het die prop gewoonweg oopgedraai.
- Jakob het vir Willem gevra om nie te kom spook nie. (4)

6.20 Willem was 'n man van sy woord.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

6.21 Kies die inligting in KOLOM B wat by die plek in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (6.21.1–6.21.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.21.1 Jakob en Willem se slaapkamer | A Willem is daar oorlede. |
| 6.21.2 Die hospitaal | B Jakob het tot laat in die nag daar gebly. |
| 6.21.3 Die televisiekamer | C Dit was ruim en sonnig. |
| 6.21.4 Die toilet | D Jakob en Sarah het daar gesels. |
| | E Jakob het alleen daar gedrink. |

(4 x 1) (4)

6.22 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (6.22) en die letter (A–D) neer.

Jakob en Willem was goeie vriende; daarom het hulle …

A albei in die landboukoöperasie gewerk.
B hulle besittings met mekaar gedeel.
C gereeld saam trein gery.
D elke Sondag saam kerk toe gegaan. (1)

6.23 Hoekom pas die titel so goed by die verhaal? (1)

6.24 Hoekom kan ons sê dat Matrone onsensitief teenoor Jakob was net nadat hy gehoor het dat Willem dood is? (1)

6.25 Hoekom, dink jy, het Jakob kort na Willem se dood rede gehad om te glo dat daar niks na die dood was nie? (1)

6.26 Dink jy dit was reg van Jakob om niemand van die ooreenkoms te vertel nie? (1)
**[40]**

## VRAAG 7

### VERHAAL A: "TANT NELIE SE VEERPLUIME" – Henriette Grové

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| Ek en Ursa het die saak lank bepraat. Eers was dit sus en so; dan sê sy dit en ek dat, maar die einde van die saak was dat ons doodeenvoudig die boek moes steel. Dit was al uitweg ...<br>"Dis snaaks, Ursa, jy bly dan so lank al by haar, en sy sê self dis joue."<br>Maar Ursula het haar kop geskud: "Sy bêre dit vir my as ŉ troupresent."<br>"Vir jou as ŉ troupresent?"<br>"Ja," en Ursa lag, "of dink jy dit sal nooit gebeur nie?"<br>"Dit is nie dit nie." Ek het kortaf gepraat … |

7.1 Watter boek wou Peet en Ursula steel? (1)

7.2 Waarom het Ursula by haar tant Nelie gebly? (1)

7.3 Voltooi die volgende sin deur ŉ woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.3) en die ontbrekende woord neer.

| |
|---|
| ontevrede; opgewonde; verras |

" 'Dit is nie dit nie.' **Ek het kortaf gepraat ...**" (reël 8). Hierdie woorde sê vir ons dat Peet dalk … was oor die idee dat Ursula eendag sou trou. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| " ... Alles so bymekaar soos tant Nelie dit vir jou bêre ..."<br>"Ja," sê sy en lig haar kop stadig op. Deur die klein gaatjies het haar hare soos koring geblink, en haar oë was diepgrys daaronder. So het ons gestaan, half verslae, en nie een van ons het iets gemerk totdat tant Nelie in die deur gestaan het nie.<br>***<br>"Jy bak uitstekend, Kit," en ek het die veerligte pluim op my handpalm gehou, "maar dit was dit nie werd nie!" |

7.4 Wat het tant Nelie nog vir Ursula gebêre? Noem TWEE dinge. (2)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.5) en die letter (A–D) neer.

"Deur die klein gaatjies het **haar hare soos koring geblink** ...," (reël 2–3) is ŉ voorbeeld van …

A kontras.
B ŉ metafoor.
C ironie.
D ŉ vergelyking. (1)

7.6 Peet en Ursula was oneerlik.

Sê waarom hierdie stelling WAAR is. (1)

7.7 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Ursula het ingestem om vir Peet die boek in die hande te kry.
- Peet het vir sy ma gevra om met tant Nelie oor die boek te praat.
- Peet het besef dat dit wat hy gedoen het, verkeerd was.
- Tant Nelie het Peet en Ursula in haar kamer betrap. (4)

7.8 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.8.1–7.8.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 7.8.1 Peet | A ... het die naam van die storie uitgedink. |
| 7.8.2 Stefanie | B ... wou ten alle koste die beste wees. |
| 7.8.3 Tant Nelie | C ... is iemand wat graag ander mense geterg het. |
| 7.8.4 Kit | D ... het nie oor die boek baklei nie. |
| | E ... het besef dat ŉ mens nie liefde met gunsies kan koop nie. |

(4 x 1) (4)

7.9 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.9) en die letter (A–D) neer.

Aan die einde van die verhaal het Kit die boek gekry en sy het …

A Peet se hart gewen.
B die resep in die Maré-familie laat bly.
C die pluime laat verbrand.
D Peet vir altyd verloor. (1)

7.10 "... maar dit was dit nie werd nie!" (Reël 5–6)

Waarom het Peet aan die einde van die verhaal hierdie woorde vir Kit gesê? (1)

7.11 Hoekom, dink jy, kan ŉ mens sê dat Ursula ŉ onselfsugtige persoon was? (1)

7.12 Watter les, dink jy, kon Peet se kinders uit sy verhouding met Kit leer? (1)

7.13 Hoekom, dink jy, was dit reg van Peet se ma om hom nie te help om die boek in die hande te kry nie? (1)

**EN**

**VERHAAL B: "DIE GEHEIM" – J van Melle**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Die oudste, Leuntjie, het haar nog die meeste las gegee. Toe haar ma weer 'n keer gaan kyk omdat sy so lank wegbly, sien sy die kind agter op die skip bo op die reling staan, haar hand aan 'n staaldraad, terwyl sy haar een been heen en weer swaai, los en gemaklik soos 'n matroos.
> Op dieselfde oomblik dat die moeder haar daar so sien, gewaar een van die matrose haar ook en tegelyk dat die vrou gil: "Leune, kom daar af", ...

7.14 By wie het Dou in Schouwen gaan kuier? (1)

7.15 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.15) en die letter (A–D) neer.

As die ma sê dat Leuntjie haar nog **die meeste las gee** (reël 1), beteken dit dat Leuntjie haar die meeste ...

A aandag gegee het.
B laat lag het.
C geld gekos het.
D probleme gegee het. (1)

7.16 Dou het baie aandag van die mense op die boot gekry nadat hy Leune gered het.

Sê waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

7.17 Kies die inligting in KOLOM B wat by die karakter in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (7.17.1–7.17.4) en die letter (A–E) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 7.17.1 | Dou | A | ... het die jong meisie laat skrik. |
| 7.17.2 | Leune | B | ... het dit moeilik gevind om al die kinders dop te hou. |
| 7.17.3 | Leune se moeder | C | … het dadelik op die krisis gereageer. |
| 7.17.4 | Matroos | D | … was onbewus van die gevaar. |
| | | E | … was onvriendelik teenoor die passasiers. |

(4 x 1) (4)

7.18 Skryf die volgende vier insidente onder mekaar neer in die VOLGORDE soos wat dit in die verhaal gebeur:

- Dou het sy bewussyn herwin, maar Leune het veel langer geneem.
- Dou het met niemand oor die gebeurtenis gepraat nie.
- Die skip het gedraai en 'n roeiboot het na hulle toe gekom.
- Dou en Leune het mekaar so styf vasgehou dat dit moeilik was om hulle van mekaar los te kry. (4)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

> Hulle is mettertyd getroud en was baie gelukkig. Die Seeuse vroutjie was lief, vrolik en goedig. Dikwels as hy sit en werk, het sy stil by hom gesit; ...
>
> ***
>
> Haar naam was Leune.
> Een aand vra hy onverwags: “Waaraan sit jy so en dink?” en toe bloos sy en wis nie wat om te sê nie.
>
> ***
>
> “Ek wil jou ook ’n geheim vertel,” sê hy.
>
> ***
>
> “Ek het gedink: Liewers verdrink. Maar ek los haar nie.”

7.19 7.19.1 Watter werk het Dou gedoen? (1)

7.19.2 Waar het Dou en Leune mekaar as jongmense ontmoet? (1)

7.20 Wat het Leune gewoonlik gedoen terwyl Dou met sy boeke gesit het? (1)

7.21 Voltooi die volgende sin deur ’n woord in die lys hieronder te gebruik. Skryf net die vraagnommer (7.21) en die ontbrekende woord neer.

| hartseer; bang; skuldi□ |
|---|

Leune het gebloos toe Dou haar vra waaraan sy so gesit en dink het. Sy het gebloos, want sy het ... gevoel. (1)

7.22 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer (7.22) en die letter (A–D) neer.

Wat is die tema van die verhaal?

A Liefde
B Vriendskap
C Jaloesie
D Verlies (1)

7.23 Hoekom pas die titel so goed by die verhaal? (1)

7.24 Was dit verkeerd van Leune om nie haar geheim met Dou te deel nie? Sê JA of NEE en motiveer jou antwoord. (1)

7.25 “Ek het gedink: Liewers verdrink. Maar ek los haar nie.” (Reël 7)

Wat sê hierdie besluit van Dou van sy karakter vir die leser? (1)

7.26 Hoekom, dink jy, was dit die regte besluit van Dou om sy lewe vir Leune in gevaar te stel? (1)
**[40]**

**TOTAL AFDELING D: 40**
**GROOTTOTAAL: 120**

Kopiereg voorbehou